**1 Januarie** **Skrifgedeelte: Jesaja 40:1-11 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Jesaja 40:1 & 11**
**HK, Vraag 1**

## Troos: God dra jou, verloste kind!

Wat is troos? As ’n kind val en seerkry, voel hy asof sy wêreld aan skerwe spat. Ma is gewoonlik die een wat troos. Sy kry jammer, tel op, maak die seerkry minder, droog trane af en kalmeer. Haar troos laat haar kind opstaan. Haar troos motiveer opnuut.

God kry sy gebroke volk jammer. Ballingskap volg. Hulle wêreld is aan skerwe. Die eerste woorde in Jesaja 40 is: “Troos, troos ...” God stel sy gebroke volk gerus, verseker hulle van sy nabyheid, motiveer hulle opnuut. Hulle ervaar broosheid en verganklikheid (vers 7 & 8). Die een dag is ons sterk. Die volgende dag gee ons bene mee. Die een dag vol verwagtings, die volgende vol moedeloosheid. Die een dag is vol vreugde in God, die volgende is daar die groot val en seerkry.

Wat is *jou* troos? God wat jou optel, jou in sy arms dra en teen sy hart vasdruk (vers 11). Net na die “troos, troos” (vers 1) sê God dat jou skuld betaal is, dat jy vir jou sonde dubbeld ontvang het (vers 2). Jy het Christus ontvang. Hy het met sy bloed vir al jou sonde betaal. Jy behoort aan Hom. Wees gerus! Jy is nie uitgelewer aan mense of omstandighede nie. Christus beheer alles. Selfs die hare op jou kop. Hy gee soveel om dat alles moet meewerk dat jy al beter word: beter in jou verhouding met God, in jou verhouding met jou naaste en in jou persoonlike lewe. Hy is so begaan oor jou dat Hy deur sy Gees jou elke dag nuut laat opstaan. Hy motiveer jou om al beter te word – Vir Hom!

*Sing: Psalm 16:1,5 (1936-beryming)* *Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*
*Psalm 16:3, 4 (2001-omdigting)*